Verwysing: 20181126-9124
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis- en Inligtingsbestuursminuut: 0001/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: 2019 Wes-Kaap Onderwysdepartement Kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole

1. Die kitsopname vir gewone openbare en onafhanklike skole sal vir die administrasie en bestuur van skole, en die voorsiening van hulpbronne in 2019 gebruik word.

2. Die prinsipaal moet die kitsopname op **22 Januarie 2019** (tiende skooldag) op SOBIS voltooi en afteken.

3. Voor die prinsipaal of hulle gedelegeerde op SOBIS afteken, moet hulle verseker dat die volgende afgehandel is:

   a) Alle leerders wat vir 2019 geregistreer is om skool by te woon, moet in hul korrekte graad en klas op SOBIS verskyn.
   b) Enige leerders wat na verwagting weer sou terugkeer, maar nie teen 22 Januarie 2019 vir inskrywing by die skool aangemeld het nie, moet volgens die leerderbywoningsbeleid gederegistreer word. (Hierdie leerders kan weer op SOBIS geregistreer word indien hulle ná 22 Januarie 2019 vir toelating aanmeld.)
   c) Die lys van opvoeders op SOBIS, soos op 22 Januarie 2019, moet bygewerk en geverifieer word, en hulle aanstellingstatus moet bevestig word.
   d) Die aftekenafdeling van die opname moet voltooi word om te bevestig dat die data wel geverifieer is en dus 'n akkurate voorstelling van die leerderinskrywings en getal personeel, soos op 22 Januarie 2019 is.

4. Om met die verifiëring van skole se leerder- en opvoederdata te help, is daar 'n aantal foutverslae beskikbaar gestel wat as riglyne sal dien om te verseker dat bestaande data wat op SOBIS vasgelê is, korrek is.

5. Verseker asseblief dat alle foute, soos deur hierdie verslae aangedui, voor aftekening opgelos is.

6. Nadat die prinsipaal op 22 Januarie 2019 afgeteken het, sal 'n momentopname van alle leerder- en opvoederdata gemaak word en foute wat oorbly, moet opgelos word voor die kringbestuurder dit teen 28 Januarie 2019 afteken.

7. Die sperdatum vir die kringbestuurders om die kitsopname af te teken, is **28 Januarie 2019**. Van kringbestuurders sal verwag word om die vordering te monitor en sal nie die opname se datastelle kan afteken as daar nog foute oorbly nie, en waar die prinsipaal nie hulle kitsopname afgeteken het nie.

8. 'n Nasionale identiteitsnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders te identifiseer wat nie in besit is van ID-nommers nie, en om die vaslegging van ontbrekende ID-nommers te fasiliteer. Adviseer asseblief die ouer/s oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen indien 'n leerder nie in besit is van 'n geldige ID nie. Waar moontlik, word prinsipale versoek om die ouer/s by te staan om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te fasiliteer. Vir verdere inligting, verwys na Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanningsminuut 0005/2014.

9. Indien enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind word, kan die tersaaklike kringbestuurder of distriksamptenaar wat hieronder gelys is, gekontak word:

DISTRIK	DISTRIKSAMPTENAAR	TELEFOONNOMMER	E-POS
Metro-Noord	Masixole Stofile	021 938 3052	masixole.stofile@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Anita Mcgrath Tercia Southgate	021 514 6751 021 514 6737	anita.mcgrath@westerncape.gov.za tercia.southgate@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Anastasia Rose Sive Jara	021 370 2120 021 370 2106	anastasia.rose@westerncape.gov.za sive.jara@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Buseka Ndinisa Thembeka Dlamini	021 900 7053 021 900 7011	buseka.ndinisa@westerncape.gov.za thembeka.dlamini@westerncape.gov.za
Weskus	Mervan Davids	021 860 1596	mervan.davids@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Kevin van Eeden	023 348 4633	kevin.vaneeden@westerncape.gov.za
Overberg	Suzanne Braaf	028 214 7411	suzanne.braaf@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Romelda Booysen Keith Zibi	044 803 8367 044 803 8346	romelda.booysen@westerncape.gov.za Keith.zibi@westerncape.gov.za

10. Die kwaliteit van die OBIS-data sal aan norme-en-standaarde-oordragbetalings gekoppel word. OBIS-data-nakomingsverslae sal op SOBIS vir prinsipale beskikbaar gestel word. Prinsipale moet die prosesse van die kitsopname koördineer om die akkuraatheid van vasgelegde data, tydige voltooiing en aftekening te verseker en dit dan dienooreenkomstig af te teken.

11. Tydens die onlangse *Education Data Quality Audit (EDQA)* wat in die tweede kwartaal van 2018 uitgevoer is, het dit aan die lig gekom dat skole nie die akkurate rekords handhaaf nie. In lig hiervan, sal die Direktoraat: Kennis- en -Inligtingsbestuur die nakoming en data se kwaliteit van u kitsopname se voorleggings moniteer en alle nienakoming, afwykings en tekort-sektore aan die Hoof van Onderwys (HvO) rapporteer.

12. Gewone onafhanklike skole word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel is van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

13. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2019.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2018-12-19